**Abraham moet Isak offer – 'n plaasvervanger**

**Gen 22:1-19**

**26 November 2023**

1. Vantevore: Abraham is deur die Here getoets – hy moes Isak gaan offer. Abraham was gehoorsaam – hy was oortuig die Here kan Isak uit dood opwek of alternatiewe lam voorsien. Abraham het gebaat uit die gebeure: Hy het versekering van die Here ontvang dat hy Hom vrees, en die Here het Sy beloftes aan Abraham bevestig met 'n eed by Homself.
2. Isak se gehoorsaamheid
    a. Isak was waarskynlik in sy tienerjare
    b. Isak oënskynlik gewillig om saam te gaan (v3,5,6)
    c. "So het hulle twee saamgeloop" (v6,8)
    d. Isak bewustelik betrokke: "Waar is die lam?" (v7) – hoeveel het Isak verstaan?
    e. Abraham bind Isak, lê hom op hout – nou verstaan hy, steeds gehoorsaam (v9-10)
    f. Isak word vervang met 'n ram (v13)
3. Ontwikkeling in die verdere openbaring van die Here se verlossingsplan
    a. Tot dusver in die openbaringsgeskiedenis: Skeppingsverbond – die Here verwag geregtigheid. Verbond met Adam – die mens val in ongeregtigheid, die Here beloof Een om bron van ongeregtigheid te vermorsel. Verbond met Noag – sondvloed volg a.g.v. mens se ongeregtigheid, skep genadetyd. Verbond met Abraham – die Here gee aan Abraham geregtigheid omdat hy glo, verwag hy moet in geregtigheid leef
    b. Gen 22: Die Here maak bekend hoe Hy hierdie geregtigheid gaan bewerk
    c. Isak = OT tipe van Jesus; Abraham = OT tipe van die Vader
        - Isak as brandoffer vs Jesus as versoeningsoffer
        - Isak op Moria (Jerusalem) vs Jesus op Golgota buite Jerusalem
        - Hout op Isak se skouers vs Jesus dra Sy kruis (Joh 19:17)
        - Abraham dra mes en vuur vs die Here verbrysel Hom (Rom 8:32, Jes 53:10)
        - Abraham en Isak saamgeloop vs Jesus doen werk van die Vader (Joh 17:4)
        - Isak gehoorsaam tot slag vs Jesus gehoorsaam tot dood (Jes 53:7, Fil 2:7-8)
        - Isak is enigste geliefde seun vs My geliefde Seun (Mat 3:17, 17:5, Joh 3:16)
        - Isak gespaar vs Jesus nie gespaar nie (Mat 27:46, Joh 19:30)
    d. Rom 3:22-26
        - God gee geregtigheid vir die wat glo (v22)
        - Die geregtigheid word bewerk deur Jesus se offer (v24)
        - God sien sonde tydelik oor – tot Jesus se offer gebring is (v25-26)
        - Jesus word vir gelowiges tot sonde gemaak (2 Kor 5:21)
    e. Ram in Isak se plek = Jesus in die plek van die gelowige
    f. Rede vir die intense toets om Isak te offer: Om aan te toon die Here sal doen wat Hy nie van Abraham verwag nie – om Sy geliefde Seun te offer
4. Vergelyking van die Here se werk met Isak en met Ismael (Gen 21:9-21, 22:1-19)
    a. Ouer met kind: Hagar/Ismael woestyn; Abraham/Isak Moria (21:4, 22:2)
    b. Voorbereiding: Water/brood vs alles vir die offer (21:14, 22:3)
    c. Kinders op punt om te sterf: Ismael dors; Isak as brandoffer (21:15-16, 22:10)
    d. Engel van die Here gryp is: Wat is fout? vs Jy vrees God, eed (21:17, 22:12,16)
    e. Kinders se lewe gespaar: Water vs ram (21:19, 22:13)
    f. Beloftes: Groot nasie vs groot nageslag tot seën (21:18, 22:17-18)
    g. Ismael – algemene genade; Isak – verlossende genade met ewigheidsbeloftes